

Die Kôpa-nedersetting van Boleu (Maleo)* in Oos-Transvaal

J.S. Bergh

Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis
Universiteit van Pretoria

IN DIE VROEË geskiedenis van kontak tussen blank en swart in die Oos-Transvaal het die Kôpa van Boleu 'n prominente plek ingeneem. Intensiewe wisselwerking het tussen die Kôpa en die blankes plaasgevind ten opsigte van onder meer grondbesetting, verskaffing van arbeid, die besit van perde en gewere, 'n sensusopname onder die Kôpa en die betaling van belasting. In Julie 1860 is 'n verdere dimensie bygevoeg toe die Berlynse Sendinggenootskap 'n sendingstasie, Gerlachshoop, geopen het om onder die Kôpa te arbei. Vir die tradisionele kapteinsgesag was dit 'n bykomende bron van wrywing. Dit alles het daartoe aanleiding gegee dat die Kôpa onder Boleu hulle toenemend teen blanke oorheersing verset het. Die blankes het hierop gereageer deur onder meer bondgenootskappe met die Pedi en die Swazi teen die Kôpa te sluit. Dit was juis 'n Swazi-aanval op 10 Mei 1864, wat op versoek van die blankes plaasgevind het, wat die Kôpa 'n nekslag toegedien het. Die oorblywende Kôpa het verdeel geraak: een groep onder Ramapudu, seun van Boleu, het hulself by die sendingstasie Botshabelo gaan vestig, terwyl die ander Kôpa elders heen getrek het, onder meer na Pedi-gebied.¹ Die Kôpa onder Ramapudu sou eers weer in die jare negentig van die vorige eeu na hulle eertydse woonplek terugkeer.²

Verskeie historici het al oor die geskiedenis van die Kôpa geskryf.³ Tog is daar aspekte waaroer steeds verwarring en vaagheid bestaan. Dit is byvoorbeeld opvallend dat die presiese ligging van die Kôpa-nedersetting nie korrek beskryf en aangedui word nie. Uitsluitsel hieroor is moontlik indien eitydse bronne wat tersaakklike inligting verskaf deeglik benut, getoets en beredeneer word. Die poging wat hier aangewend word om tot groter helderheid te kom, wil nie daarop aanspraak maak dat alle bronne uitgeput is nie. Daar word egter vertrou dat met hierdie bydrae tot gegronde gevolgtrekkings oor ten minste sommige van die tersaakklike aspekte gekom word.


OMSTREDENHEID OOR VESTIGING EN LIGGING

Die historikus T.S. van Rooyen gaan van die standpunt uit dat die Kôpa eers in Pedi-gebied woonagtig was. Hy verklaar: 'Na die inval van die Ndebeles het hulle suidwaarts gevlug en hulle suid van die Steelpoortrivier aan Rietspruit op 'n heuwel gevestig.'⁴ Van Rooyen het vir inligting veral gesteun op die 1905-publikasie van die Transvaalse Departement van Naturellesake, *Short history of the native tribes of the Transvaal*. By nadere ondersoek blyk dit egter dat hy 'n foutiewe bladsyverwysing na laasgenoemde bron aangee en dat sommige van die inligting wat hy aan die bron toeskryf, glad nie daarin voorkom nie.

In 'n artikel oor die Kôpa het Albert van Jaarsveld voorgenoemde inligting uit Van Rooyen se studie oorgeneem. Hy verwys ook in 'n voetnoot na *Short history*, maar met dieselfde foutiewe bladsyverwysing en ten opsigte van inligting wat nie daarin voorkom nie.⁵ Van Jaarsveld verskaf ook die volgende bykomende inligting:

Na die Ndebele-inval in Oos-Transvaal in die twintigerjare van die negentiende eeu het die Kôpa suidwaarts gevlug en hulle op 'n terrein direk wes van die Moorsrivier gevestig, waar die blankes hulle aangeset het tydens die besetting van Oos-Transvaal. Presies hoe lank Maleo en sy volgelinge hier gewoon het, is nie duidelik nie. Reeds in Januarie 1852 is na hierdie vestigingsterrein verwys as 'Maleo zijn ouden stad', wat daarop dui dat die Kôpa reeds in 1852 na 'n ander gebied verhuis het, naamlik Lesjoegoeroe, dieselfde terrein waar die stam in 1864 deur die Swazi's uitgewis is ... Lesjegoeroe was ... geleë direk wes van die Olifantsrivier, naby die huidige Groblersdal.⁶

Vir die eerste deel van hierdie inligting verwys Van Jaarsveld na 'n kaart wat in G.D.J. Duvenage se proefskrif verskyn. Alhoewel die ligging van Boleu se ou nedersetting by benadering korrek op die kaart aangebring is (die kaart is te klein vir noukeurige aanduiding), verskaf Duvenage nie toepaslike inligting en bronneverwysings by die kaart of in die teks vir kontrole nie.⁷ Dit is dus nie duidelik op grond waarvan Van Jaarsveld tot die gevolgtrekking kom dat Boleu na afloop van die Ndebele-inval na die Moorsrivier uitgewyk het nie.



Albert van Jaarsveld se kaart soos afgebeeld by sy artikel 'Die Kôpa van Maleo en die blankes in Transvaal, 1860-1900'; Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal 18, November 1986.

IW: Alle argivale verwysings berus op bronne in die Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria.

¹ A. van Jaarsveld, 'Die Kôpa van Maleo en die blankes in Transvaal, 1845-1864', *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 18, November 1986, pp. 148-156; D.W. van der Merwe, 'Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900', *Argiefaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 46(1), 1983, pp. 28-32; E. Moolman, 'Kultuurverandering by die Kôpa van Lebowa' (D.Phil., Universiteit van die Noorde, 1987), p. 50.

² L.A. (Transvaal Legislative Assembly) 13, Native Location Commission 1908: Reports on Ramapudu's Location by E.H. Hogge and W.E. Kolbe, ongedateerd.

³ Kyk onder meer Van Jaarsveld, 'Die Kôpa van Maleo'; D.W. van der Merwe, 'Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal', pp. 28-32 en 84-85; T.S. van Rooyen, 'Die verhouding tussen die Boere, Engelse en naturelle in die geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882', *Argiefaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 14(1), 1951, pp. 139-145; P. Delius, *The land belongs to us — the Pedi polity, the Boers and the British in the nineteenth-century Transvaal* (Johannesburg, 1983).

⁴ Van Rooyen, 'Verhouding Boere, Engelse en naturelle', p. 139.

⁵ Van Jaarsveld, 'Kôpa van Maleo', p. 149 en n. 6.

⁶ *Ibid.*, p. 149.

⁷ G.D.J. Duvenage, 'Die Republiek Lydenburg in Suid-Afrika: agtergrond, ontstaan en einde' (D.Phil., Unisa, 1966), teenoor p. 26.

Dit bly nogtans 'n sterk logiese moontlikheid (vergelyk die latere beredening hieroor). Die Moosrivier waarvan hier sprake is, word op moderne kaarte as Mosesrivier aangedui.⁸

Van Jaarsveld se aanduiding van Lesjoegoeroe as 'direk wes' (my beklemtoning) van die Olifantsrivier, naby die huidige Groblersdal', is beslis ook verkeerd en in stryd met die inligting wat hy op sy eie algemene kaart op die teenoorstaande bladsy van die tersaaklike teks verstrek. Daarop word die Kôpa oos van die Olifantsrivier aangedui. Uit die bronnewysings wat hy vir die ligging van die Kôpa-nedersetting aanvoer, is dit ook nie moontlik om enige afleiding te maak wat ooreenstem met of dié posisie aangedui op die kaart of die in die teks nie.⁹

Van die ander werke wat oor die Oos-Transvaalse geskiedenis vir hierdie tydperk handel en waarin verwag sou kon word dat die geskiedenis van die Kôpa ter sprake moet kom, word insgelyks geen of onvoldoende inligting oor die ligging van die Kôpa-nedersetting verskaf. 'n Voorbeeld hiervan is die twee werke van A.P. van der Merwe wat in die 1940's verskyn het. In sy M.A.-verhandeling wat die voorgeschiedenis van die Republiek Lydenburg behandel, word die Kôpa selfs heeltemal geïgnoreer.¹⁰ In 'n latere artikel 'Die Naturelle en die Maatskappy te Ohrigstad en Lydenburg (1845-1857)' verskaf Van der Merwe, teen die verwagting in, nie veel besonderhede oor die Kôpa nie. Hy vermeld ook niets oor die ligging van hul nedersetting nie.¹¹

In die meer resente werk van D.W. van der Merwe (tans Schellack) oor die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal word ook aandag aan die Kôpa gegee. Die genootskap het in 1860 met sy werkzaamhede onder die Kôpa by die sendingstasie Gerlachshoop begin. In die afdeling wat handel oor die vestigingsjare van Gerlachshoop verskyn egter geen besonderhede oor die ligging van die sendingstasie of van die Kôpa-nedersetting nie.¹² Eers wanneer beskryf word hoe die gedeelte van die Kôpa (wat na die Swazi-aanval van 1864 na Botshabelo uitgewyk het) in die jare negentig na Gerlachshoop wou terugkeer, word verklaar: 'Ramapudu het die Regering in 1890 gevvolglik versoek om hom toe te laat om na Rietkloof, die Bakopa se vroeëre woonplek en waar vroeer die sendingstasie Gerlachshoop was, te verhuis.'¹³

Van der Merwe (Shellack) verstrek egter geen besonderhede oor die ligging van Rietkloof of Gerlachshoop nie. Vir hierdie leemte word wel gedeeltelik vergoed met die insluiting van 'n kaart waarop die ligging van Gerlachshoop by benadering aangetoon is. Die kaart is egter baie algemeen van aard en noukeurige inligting ontbreek.¹⁴



Die sendingkerkje van Gerlachshoop.

FOTO: T. Wangemann, *Ein Reisejahr in Südafrika*.

In sy Pedi-geschiedenis wat in 1983 verskyn het, het ook Peter Delius nagelaat om hierdie probleem op te los. Die naaste wat hy daaraan kom om die Kôpa geografies te plaas, is deur daarna te verwys dat hulle suidwes en suid van die Pedi gevestig was.¹⁵ Die kaart wat hy insluit, verskaf wel 'n benaderde aanduiding maar is weer eens nie gedetailleerd of noukeurig genoeg om van wesenlike nut te wees nie.¹⁶

'N BRONNE-EVALUERING

'n Bron wat deur die meeste van die voorgenoemde historici gebruik is, is die vroeër vermelde 1905-publikasie van die Transvaalse Departement van Naturellesake — *Short history of the native tribes of the Transvaal*. Dit is dus nodig dat hierdie bron krities geëvalueer word.

Die inligting vir hierdie publikasie is ingewin deur amptenare van die betrokke departement in die onderskeie distrikte. Volgens hul eie erkenning was dit oorwegend gebaseer op 'Native sources according to the traditions of the day'. Dit maak die gevawens dus waardevol omdat dit van die vroegste opgetekende mondelinge oorlewinge oor so 'n breë terrein is. Terselfdertyd moet hierdie inligting met omsigtigheid gehanteer word, want dit is met groot haas deur die amptenare ingesamel, te midde van al hulle gewone verpligte en 'numerous other matters which required more immediate attention'.¹⁷ In die lig hiervan kan aanvaar word dat die inligting nie altyd volgens wetenskaplik-verantwoordelike metodes ingewin en getoets is nie. Verder sou die verskillende amptenare waarskynlik elkeen 'n eie werkwyse gevolg het en sou ernstige probleme voorgekom het met die uiteindelike samestelling van die verslag.

Sommige van hierdie gebreke tree duidelik na vore wanneer die inligting oor die Kôpa in *Short history* nagegaan word. Daar is op ten minste drie plekke verwysings na en besprekings van die Kôpa sonder dat 'n poging aangewend



Die Berlynse sendingstasie Gerlachshoop.

FOTO: T. Wangemann, *Ein Reisejahr in Südafrika*.

⁸ *Suid-Afrika 1:250 000 Topo-kadastrale vel 2528 Pretoria* (Pretoria, 1969).

⁹ Van Jaarsveld, 'Kôpa van Maleo', pp. 148-150 en n. 9.

¹⁰ A.P. van der Merwe, 'Die voorgeschiedenis van die Republiek Lydenburg' (M.A., UP, 1940).

¹¹ *Historiese Studies* 2 (1 en 2), Julie 1940 — Mei 1941, pp. 87-101.

¹² Van der Merwe, 'Berlynse Sendinggenootskap', pp. 28-32.

¹³ *Ibid.*, pp. 84-85.

¹⁴ *Ibid.*, teenoor p. 72.

¹⁵ Delius, *The land belongs to us*, pp. 24, 63 en 91.

¹⁶ *Ibid.*, p. xi.

¹⁷ Transvaal Native Affairs Department (hierna T.N.A.D.), *Short history of the Native tribes of the Transvaal* (Pretoria, 1905), preface.

is om dit met mekaar in verband te bring of dit krities te beoordeel. Die eerste inligting oor die Kôpa word verstrek onder die hofie 'Bakwena in Lydenburg, Zoutpansberg, and Middelburg Districts':

Bakopa, part of whom under the Chief Ramapudu, live on Riet Kloof, 509, North Middelburg, and part at Botshabelo Mission Station, near Middelburg. This Tribe (the Bakopa), divided into three sections after the death of Boleo (father of Ramapudu), and their Chiefs are: (1) Kgope alias Mpage; (2) Ramapudu; (3) Mamatloa.¹⁸

Ander inligting word in hoofstuk 8 verstrek onder die opschrift 'Bechuana or Basuto Tribes who came from the West and South':

Malois or Maleos of Middelburg District ... are said to be descended from the Malois of British Basutoland. They once lived at 'Schoonoord', Sekukuniland, when they were under 'Thulare'. Part of them are living at 'Fort Weeber', North Middelburg.¹⁹

In dieselfde hoofstuk, onder die subhofie 'Bagkopa (Baghopa)', word nog inligting oor die Kôpa meegegee:

On the 10th of May 1864, Maleo, Chief of the Bagkopa Tribe, was attacked at his stronghold 'Thaba Ntshu' by the Boers, assisted by the Swazies, and totally routed. Many of his people were brought to Heidelberg District, and distributed amongst the farmers.²⁰

Oor die Kôpa se beweerde afkoms van die teenswoordige Lesotho en hulle verblyf by Schoonoord in Pedi-gebied sal verdere veldwerk deur volkekundiges moontlik uitsluitsel-kan gee. Die indeling van die Kôpa as Kwena word egter bevestig deur Van Warmelo se opname wat in 1935 verskyn het. Hy het Kôpa in 'n groot gebied in die omgewing van Middel-

burg, Pokwani en selfs Rayton aangetref. In 'n onlangse studie het E. Moolman bevind dat die Kôpa veral by Maleoskop en die plaas Brakfontein gekonsentreer was en dat albei groepe in 1962 op die plaas Tafelkop, effens noord van Maleoskop, hervestig is.²¹

Inligting oor die verblyf van die Kôpa op die plaas Rietkloof van minstens die middel-1840's af asook die presiese ligging van hul nedersetting word in verskeie eietydse bronne verstrekk. Wat die ligging betref, blyk dit uit dokumentasie van 1859 dat die Kôpa op die plaas van W.J. Grobler woonagtig was en dat die owerheid hierdie plaas saam met die plaas van A.N. Steenkamp vir Boleo en sy volgelinge wou aankoop. Daarmee wou die owerheid klaarblyklik botsende grondaansprake tussen die Kôpa en die genoemde twee eienaars besleg. Terselfdertyd is met die Kôpa ooreengekom dat laasgenoemde jaarliks belasting aan die owerheid sou betaal.²² Grobler was bereid om sy plaas Rietkloof, geleë aan die Rietspruit, aan die owerheid te verkoop,²³ terwyl Steenkamp sy plaas sou verhuur. (Laasgenoemde plaas is

¹⁸ *Ibid.*, p. 21.


¹⁹ *Ibid.*, p. 40.

²⁰ *Ibid.*, p. 44.

²¹ N.J. van Warmelo, A preliminary survey of the Bantu tribes of South Africa (Department of Native Affairs, Ethnological Publications V, Pretoria, 1935), pp. 49 en 109 en kaarte 14 en 18; Moolman, 'Kultuurverandering by die Kôpa', pp. 42 en 50-52.

²² SS (Staatsekretaris) 30, R3339/59: Ooreenkoms met Maleo, 13.12.1859 (onderteken op 27.12.1859); L (Argief Lydenburg) 12: W.J. Grobler — C. Potgieter, 27.12.1859.

²³ L 12: W.J. Grobler — C. Potgieter, 27.12.1859; SS 34, R3840/60: Handelinge van die Uitvoerende Raadskommissie i.s. A. Merensky en C.H.T. Grützner, 7.7.1860; T. Wangemann, *Maleo en Sekoekoeni* (Van Riebeek-vereniging 38, Kaapstad, 1957), p. 41; *Berliner Missionsberichte* 7, 1861, p. 103; 11, 1861, p. 182 en 13, 1861, p. 257.



Weltevreden²⁴, die noordelike buurplaas van Rietkloof.)²⁵ Die Rietspruit is 'n oostelike sytak van die Olifantsrivier en loop tussen twee meer bekende sytakke, die Bloedrivier en Selonsrivier²⁶ (vergelyk kaart). Op moderne topokadastrale kaarte word 'n deel van Rietkloof aangedui as Ramopuduslukasie — Ramapudu was die seun en opvolger van Boleu — en dit, tesame met die aanduiding van Maleoskop in die mees suidelike hoek van Rietkloof, is verdere bevestiging van die Kôpa se verbylief hier.²⁷ Volgens die Berlynse sendelinge het die Kôpa nedersetting teen die hang van Maleoskop gelê en het die Kôpa dit 'Lesjoegoeroe taba nkwanie'²⁸ of 'Leschuchuru taba 'n kwanie'²⁹ genoem.


Alhoewel dit moeilik is om uit beskikbare bronne presies te bepaal van wanneer af die Kôpa op Rietkloof woonagtig was, is gefundeerde gevolgtrekkings hieroor tog moontlik. In 'n verslag van W.E. Kolbe, kommissaris van die Transvaalse Naturelle Lokasiekommisie, wat in 1908 by die stukke van die Transvaalse Wetgewende Vergadering ingebind is en wat waarskynlik op mondelinge oorleweringe berus, word beweer dat die Kôpa reeds daar was toe die blankes hulle daar ge-

geval van Steenkamp is sy plaas op 3 April 1851 vir hom geïnspekteer.³⁰

Nog 'n-aangeleentheid wat aandag verdien, is die aantekening op sowel moderne kaarte as kaarte uit die ZAR-tydperk van 'Oude stat van Maleeuw' aan die Mosesrivier (op ou kaarte Moestrivier), westelike sytak van die Olifantsrivier, net suidwes van die teenswoordige Groblersdal.³¹

SLOTSOM

Indien die voorgenomde mondelinge oorlewering in *Short history* aanvaar word dat die Kôpa in Thulare se tyd by Schoonoord (waarskynlik die teenswoordige plaas met dié naam, net wes van die Leoloberg en noordoos van Magneethoogte) in Pedi-gebied woonagtig was,³² kom 'n interessante moontlikheid na vore. Thulare was die Pedi-opperhoof voor die *difaqane*-tydperk. Sy heerskappy is egter beëindig met die invalle van Zwide en Mzilikazi in die 1820's. Daar kan aanvaar word dat die Kôpa ook deurgeloop het.³³



Maleoskop.

FOTO: T. Wangemann, *Ein Reisejahr in Südafrika*.

vestig het³⁴ (teen ongeveer die middel van die 1840's).³⁵ Hierdie inligting word bevestig deur toevallige gegewens in die plaasregister wat van 1845 tot 1847 vir die nuwe nedersetting by Ohrigstad en omgewing gehou is. By die inskrywings vir plase 'Van Magneets hoogten al de waters die af loop naa Olivan[s]rivier en over tot aan Streypoort', word by inskrywing nommer 74 vermeld: '... Hendrik M. Grobler N. zoon, de plaas genaamt Bloubank, gelegen aan dezelfe rand van Maleu, op den 1 September 1846'.³⁶

'n Studie van moderne topokadastrale kaarte bring aan die lig dat die plaas Blaauwbank aan die suidoostekant van Rietkloof geleë is en daarvan grens en dat die rant waarvan Maleoskop deel uitmaak ook tot op daardie plaas strek.³⁷ Dokumente van die Berlynse sendelinge wat op Rietkloof sendingwerk gedoen het, bevestig verder dat Hendrik Grobler vir hulle 'n baie behulpsame buurman was.³⁸

Hierdie inligting bewys ongetwyfeld dat Boleu reeds teen minstens 1846 by Maleoskop op die latere plaas Rietkloof gewoon het. Wanneer die genoemde plaasregister noukeurig nagegaan word, blyk dit verder dat nog vir W.J. Grobler nog vir A.N. Steenkamp in hierdie tydperk (1845-1847) inskrywings ten opsigte van onderskeidelik die plaas Rietkloof en Weltevreden gemaak is.³⁹ Uit inligting wat die Berlynse sendelinge bekom het, wil dit wel voorkom asof Grobler teen ongeveer 1852 of 1853 op Rietkloof woonagtig was.⁴⁰ In die

²⁴ L 12: Verklaring A.N. Steenkamp, 31.12.1859.

²⁵ Suid-Afrika 1:250 000 Topo-kadastrale vel 2528 Pretoria.

²⁶ Jeppe's map of the Transvaal or S.A. Republic and surrounding territories, Sheet 5 (Pretoria, 1899).

²⁷ Suid-Afrika 1:250 000 Topo-kadastrale vel 2528 Pretoria.

²⁸ Wangemann, *Maleo en Sekoekoeni*, pp. 38-39. Die eerste deel van die uitdrukking verwys waarskynlik na die Noord-Sotho 'lesogoro' wat ruigte beteken, terwyl 'taba' die woord vir 'berg' is — dit wil sê 'berg van ruigte'. Die laaste gedeelte van hierdie beskrywing (en in n. 29 hieronder) kon egter nie opgespoor word nie.

²⁹ Berliner Missionsberichte 13, 1861, p. 26.

³⁰ L 13, Native Location Commission 1908: Report on Joshua Ramopudu's Location by W.E. Kolbe, ongedateerd.

³¹ PJ. van der Merwe, 'Die Matabeles en die Voortrekkers', Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis 49(2), 1986, pp. 305-306.

³² Suid-Afrikaanse argiefstukke, Transvaal no. 1 (Kaapstad, 1949), p. 192 (Bylae 9/1845, Register van Aantekening van Plase behorende onder Andries Ohrigstad ... overeenkomstig Volksraadsbesluit, 2.8.1845).

³³ Suid-Afrika 1:250 000 Topo-kadastrale vel 2528 Pretoria.

³⁴ Berliner Missionsberichte 7, 1861, p. 103; Wangemann, *Maleo en Sekoekoeni*, pp. 43, 44 en 54.

³⁵ Suid-Afrikaanse argiefstukke, Transvaal no. 1, pp. 167-197 (Bylae 9/1845, Register "... overeenkomstig Volksraadsbesluit, 2.8.1845).

³⁶ Berliner Missionsberichte 13, 1861, p. 257.

³⁷ L 12: Verklaring van A.N. Steenkamp, 31.12.1859.


³⁸ Suid-Afrika 1:250 000 Topo-kadastrale vel 2528 Pretoria; Jeppe's map of the Transvaal, 1899.

³⁹ T.N.A.D., *Short history of the native tribes*, p. 40; Suid-Afrika 1:250 000 Topo-kadastrale vel 2430 Pelgrimsrus (Pretoria, 1955).

⁴⁰ Delius, *The land belongs to us*, pp. 15 en 20-24.

DIE KOPA-NEDERSETTING

EN OMGEWING



Hulle sou beslis probeer uitwyk het en 'n westelike rigting was voor-die-hand-liggend. Dit was dus heel waarskynlik in hierdie tyd en as gevolg van die voorgenoemde invalle dat die Kôpa hulself aan die Mosesrivier gevestig het. Omdat die ligging van hierdie nedersetting later deur die blankes op kaarte aangebring is, lyk dit waarskynlik dat van die vroegste blankes in Transvaal hulle nog daar aangetref het. Dit is byvoorbeeld baie moontlik dat die Tregardt-trek of die Potgieter-kommissie van 1836, wat albei hier verby gaan het,⁴¹ hulle daar kon aangetref het. Daarvandaan sou hulle egter voor 1846 na Maleoskop moes verskuif het.⁴²

Alhoewel die Kôpa-kapteinskap relatief klein was in vergelyking met ander prominente kapteinskappe in die

destydse Transvaal, is hulle ongetwyfeld van besondere historiese belang, onder meer vanweé die intense interaksie wat tussen hulle en die blankes bestaan het. Met die groter duidelikheid ten opsigte van die ligging van die Kôpa-nedersetting en die benaderde datum van hulle vestiging daar, kan hierdie proses stellig meer akkuraat ondersoek en geëvalueer word. □

⁴¹ P.J. van der Merwe, *Nog verder noord* (Kaapstad, 1962), pp. 38 en 167-168.

⁴² *Suid-Afrikaanse argiefstukke, Transvaal no. 1*, p. 192 (Bylae 9/1845, Register ... overeenkomstig Volksraadsbesluit, 2.8.1845).